

7 September

Skrifgedeelte: Jesaja 5:1-7
Fokusgedeelte: Jesaja 5:1-7

God gee alles ... hoe reageer ons?

Het jy al vir God 'n liefdeslied gesing? Hier in Jesaja 5 sing 'n digter 'n liefdeslied oor God. Dit is 'n pragtige lied, wat eindig met 'n stuk hartseer. Die lied gaan oor 'n boer (wat God is) en sy wingerd (sy volk). Die digter sing oor wat die boer uit liefde vir sy wingerd gedoen het. Hy het alles gedoen: Hy het die grond goed bewerk, veredelde wingerdstokke geplant, 'n wagtoring gebou om sy wingerd te beskerm en 'n parskuip uit die rots gekap om wonderlike wyn daarin te pars. Hy het verwag hierdie wingerd gaan 'n wonderlike oes oplewer. Groot was die teleurstelling toe die wingerd net suur en klein korrels opgelewer het.

Skielik neem die Boer, God, self die gesprek oor en praat reguit met die inwoners van Jerusalem en Judea. Nou moet beslis word wat moet God nou nog aan hierdie volk doen. Hy het alles gedoen, al wat Hy nog kan doen, is om die wingerd oor te gee aan verwoesting. Die wingerd gaan vertrap en toegegroeï word. Dit is klaar met hom. So het God geduld gehad tot Hy hulle in ballingskap oorgegee het nie. Selfs daarna dra die volk geen goeie vrugte nie.

God gaan verder en gee sy alles: Jesus Christus. Christus gee Homself, en as vrug van sy werk gee die Vader en Seun die Heilige Gees.

God gee alles. Hoe reageer ons? Die grootste uitwerking wat die vervulling met die Heilige Gees op die kerk gehad het en nog behoort te hê, is getuïenis: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuïes wees ..."

God gee nou nog alles: gawes, geleenthede, energie! Hoe reageer ons as sy getuïes in woord en lewenswyse op sy alles? Hoor jy ook die dreiging in hierdie gedeelte?

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Prof. BJ de Klerk (Emeritus)